



LAERSKOOL

Durbanville

PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan  
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue  
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 2/2021

8/9 Februarie 2021

Geagte Ouers

### VAKANSIEKOMPETISIE : JOU DROOMVAKANSIE

Die *Durbie Aksie* se eerste projek vir 2021 is 'n vakansiekompetisie met wonderlike pryse op die spel!  
**Die kaartjies kos slegs R20 elk!**

EERSTE PRYS	'n Reisbewys van TRAVEL ABOUT ter waarde van R90 000 vir 'n droomvakansie. Pryse is nie oordraagbaar vir kontant nie. BENODIG EIE PASPOORT   PRYS GELDIG TOT APRIL 2022
TWEEDE PRYS	'n INKOPIEBEWYS ter waarde van R25 000 by 'n winkelsentrum van u keuse.
DERDE PRYS	Inkopiesbewys van TAKEALOT ter waarde van R10 000.

#### Belangrike inligting:

- Daar is 15 kaartjies per boekie. Wanneer die leerder al 15 kaartjies verkoop het (**R300**), word daar 'n gratis inskrywing vir die weeklikse trekking aan die leerder gegee. Dit geld SLEGS as al 15 kaartjies in 'n boekie verkoop en gelde ontvang is.
- **Elke kaartjie in elke boekie moet asseblief voltooi word** om in aanmerking vir die trekking te kom. **Onthou om die vraag te antwoord: "Wat is Laerskool Durbanville se leuse?"**
- Leerders moet asseblief nie boekies of kaartjies verloor nie, aangesien hulle aanspreeklik is vir alle onverkoopte boekies en/of kaartjies wat nie teruggebring word nie.
- **Betaal-opsies:**
  - Leerders bring die **korrekte bedrag** vir die verkoopte kaartjies en **die teenblaadjies** in 'n **verseelde** koevert skool toe. Skryf asseblief die leerder se **naam, graad en bedrag** voor op die koevert. Weens die omvang van die hoeveelheid kaartjies wat verkoop word, **sal ons nie enige onverseelde koeverte of los geld kan aanvaar nie.**
  - Maak gebruik van die **gerieflike kontantlose beursie op D6**. Betalings word outomaties aan die leerder se naam gekoppel. Leerders bring die teenblaadjies in 'n **verseelde** koevert skool toe. Skryf asb die leerder se **naam, graad en D6** voor op die koevert.



Leendert Hols Snr | 082 650 1848

Leendert Hols Jnr | 079 544 0292



021 975 3188  
43 Main Road, Durbanville, 7550.  
www.rigroup.co.za

- o Elektroniese betalings (EFT) kan gemaak word: Bewys van betaling moet, tesame met die teenblaadjie, skool toe gestuur word sodat ons die inskrywings kan prosesseer.  
**Verwysing: Byvoorbeeld: VK 6A3 JT Smit.**

Indien bewyse nie tuis gedruk kan word nie, moet dit na [durbieaksie@durbieland.com](mailto:durbieaksie@durbieland.com) ge-epos word.

**Belangrike datums:**

<b>8/9 Februarie 2021</b>	Die kompetisie begin.
<b>30 Maart 2021</b>	Die kompetisie sluit om 10:00. Alle boekies en geld word ingehandig. Geen boekies/kaartjies ná 10:00 op 30 Maart 2021 kom in aanmerking vir enige pryse nie.
<b>16 April 2021</b>	Eerste trekking by Laerskool Durbanville, 20 finaliste word getrek en in kennis gestel.
<b>22 April 2021</b>	Finale trekking vind tydens 'n spesiale funksie by Laerskool Durbanville plaas.

**Pryse vir die leerders wat die meeste kaartjies verkoop:**

- **Eerste plek** : R2 000,00
- **Tweede plek** : R1 600,00
- **Derde plek** : R1 200,00
- **Vierde plek** : R850,00
- **Vyfde plek** : R750,00
- **Sesde plek** : R650,00
- **Sewende plek** : R550,00
- **Agste plek** : R450,00
- **Negende plek** : R350,00
- **Tiende plek** : R250,00

Daar is ook weeklikse pryse vir die klas in elke graadgroep wat die meeste kaartjies verkoop. Die wenklas word aan die einde van die kompetisie aangewys nadat die gemiddelde verkope van elke klas bereken is.

Net soos ons gemeenskap, is Laerskool Durbanville ook deur die Covid-pandemie geraak. Laerskool Durbanville is bekend vir uitnemendheid op akademiese- en ko-kurrikulêre gebied. Die fondse wat in 2021 deur die *Durbie Aksie* gegenereer word, sal aangewend word om hierdie hoë standaarde en dienslewering te handhaaf. Die voltooiing van die skool se omheining sal ook voorkeur geniet om die veiligheid van ons leerders te verseker. Saam kan ons verseker dat Laerskool Durbanville 'n skool van uitnemendheid bly!

Hierdie kompetisie sal ons enigste projek vir dié kwartaal wees. Ons het asseblief u entoesiastiese samewerking nodig om van hierdie projek 'n reuse sukses te maak!

Vriendelike groete



Mev. M. O'Brien  
**DA-VAKANSIEKOMPETISIE  
KOÖRDINEERDER**



D. Koekemoer  
**DA: VOORSITTER**



P. du Toit  
**SKOOLHOOF**

**DURBIES VIR ALTYD**